



Liewe Maats

Hierdie kwartaal is baie kort met al die vakansiedae, maar ek is seker julle kla nie!

Het julle al kans gekry om op julle webblad te gaan kyk? Hier is die adres weer – onthou net om altyd Pappa of Mamma se toestemming te kry!

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/jeug>

Dis ons **JEUG** se eie webblad. Kyk dan uit vir **Japsnoete**, want alles wat spesiaal vir julle bedoel is, is daarop!

Die hoofopskrifte (**Menu**) bestaan uit die volgende:

Kaya (wat “Tuis” beteken), **Die Gang** (wat vir jou vertel wie ons is), **Japsnoete** (dis jou julle - die Junior Kategesegroep, Kinderkerk, Riekies en Bybelbende), **SKJA & BKJA** (dis die Senior Kategese), **Gallery** (waar ons foto's gaan kom) en **In Touch** (wat “kontak ons” beteken).

Julle sal sien ons gebruik „slang” – dis nou woorde wat deur die kinders in ons kerk in hulle alledaagse lewe gebruik word. Baie daarvan is nie Afrikaans nie, soos „cool” of „Gang” en „great”, maar julle sal presies verstaan wat ons wil sê!

Al die vorige Penniefluitjies gaan ook op die webblad wees onder **Japsnoete** – julle sal sommer gou sien waar dit is! As julle dus een gemis het of sommer net weer daarna wil kyk, is dit byderhand!

Ons sê solank baie dankie vir Oom Vince wat baie hard aan die webblad gewerk het – hy's sommer 'n lekker *funky* ou en julle gaan mal wees oor wat ons alles daarop gaan sit!

Kan julle iets van die vorige Kinderdiens onthou toe die tannie van die Sending vir ons van die kindertjies in die Oekraïene vertel het? Ons het mos besluit om 'n seun of dogter aan te neem en vir die volgende paar jaar te versorg. Dit is ook waarvoor julle die geldbome gekry het en al die geld wat ons so insamel, gaan dus daarvoor.

Uit dankbaarheid aan Jesus dat ons so bevoorreg is dat ons elke dag kos en warm klere het, gaan ons hierdie jaar dus uitreik na ander kinders in die wêreld sodat Jesus ons kan gebruik as instrumente in Sy diens. Stem julle saam? Dit gaan sommer lekker wees om briefies van ver lande te kry, nè! Ek vertel julle netnou bietjie meer.

Liefde in Jesus tot volgende kwartaal!

Tannie Lita

Meer oor die Oekraïene



Kan julle nog onthou wat dominee Leon vir julle kom vertel het van die Oekraïene?

Die land lê tussen Roemenië en Rusland – laat Pappa of Mamma vir julle op die wêreldkaart wys waar hierdie stukkie inpas. Dit was vir 'n lang tyd deel van Rusland en het eers in 1991 onafhanklik geword.

Dit is 'n baie arm land en as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog en die radio-aktiewe stowwe wat by 'n sekere atoomenergie-kragstasie gelek het, is die grond en water besmet. Dit beteken dat hulle kos en water eintlik giftig is en dat die mense baie sieklik is. Baie pappas en mammas is dood as gevolg van die giftige water, so daar is kinders wat nie ouers het nie. Hulle word weeskinders genoem omdat hulle nie ouers het nie en baie van hulle bly in weeshuise.

Dit is 'n baie koue land en die grootste deel van die jaar lê die sneeu sommer dik. Werk is baie skaars en hulle geld is baie min werd.

Die sendinggroep „Sending Sonder Grense“ voorsien medisyne en kos en klere aan baie van die gesinne daar. Hulle deel ook Bybels uit wat in die mense se eie taal vertaal is. Maar om dit te doen, het hulle ondersteuning nodig in die vorm van geld.

Een kindjie het R160 per maand nodig om warm klere, komberse en kos te hê. Hoeveel het so 'n kindjie dan in een jaar nodig? Kan julle die sommetjie maak?

Daar is mos 12 maande in die jaar:

$$12 \text{ maande} \times \text{R}160 \text{ per maand} = \text{R}1920$$

Wat kan julle met R160 hier koop? So drie groot pizza's by Debonnairs of miskien 'n paar fliedkaartjies vir 'n gesin op 'n Vrydagaand? Of een paar skoene. Of dalk aandete by Kentucky of by Steers?

En met dieselfde hoeveelheid geld in een maand kan een dogtertjie of seuntjie in die Oekraïene seker wees van warm klere vir die winter, 'n kombes op die bed en elke dag die basiese kos om aan die lewe te bly. Hulle koop nie selfone en DVDs nie – daar is nie eens elektrisiteit nie! Die mense maak vuur met hout of steenkool.

Ek is seker julle wil saam met ons inspring en help! As almal van ons 'n geldboompie bydra, is ek seker ons kan een of miskien selfs twee kindertjies aanneem vir die hele jaar!

Ek weet die meeste van julle het reeds julle geldboompies ingegee by die kerk toe oom Jan de Wet hier was, maar julle is welkom om nog boompies bymekaar te maak en vir my te bring – enige Sondag! Dan gee ons dit ook vir die sendingtannie en hulle kan dalk nog komberse of kos vir die kindertjies koop.

Ons kan dan vir hulle briefies skryf en foto's stuur en selfs kerskaartjies, want die tannies van die sending koop vir hulle lekker warm klere, 'n presentjie vir Kersfees en warm komberse en genoeg kos van die geld wat ons gee.



Het julle geweet ons is GROENTE in Jesus se tuin? Kyk of julle die groentes in die rympie kan herken:



Moenie komkommer nie, sing 'n lietsjie vir die Heer.

Jy is Sy uie kind, Sy oogappel!
Laat jou kersie vir Hom brand, want so by my kool,
ons Heer sal jou opraap en bewaar,
al is jou naam Pieter of Sielie.
Hy sal nooit rissie.
In Sy arms het Hy jou beet.
Met Sy liefde beaardei Hy jou.
Al is jy soms hardekoejawel, sal Hy jou nie uit

Sy hart skorsie.
Daar is jy vir altyd ingewortel!

Ek kry 14 (al is die spelling nie heeltemal reg nie!) - ek lys hulle vir julle hieronder: aarbeie, appel, beet, kersie, koejawel, komkommer, kool, lietsjie, pietersielie, raap, rissie, skorsie, uie, wortel.

Jy's nie 'n fout nie! Jy is BAIË spesiaal!

Kyk net wat sê God vir jou - (skryf jou naam op die stippellyn nadat jy die versies opsoek het) - Hy het jou lief en weet alles van jou af!

Mattheus 10:29- 31 Ek (God) het selfs die hare op
..... se kop getel.

Handelinge 17:38 is ook gebore om
deel van My (God se) familie te wees.

Psalm 139:15-16 Jy,
.....,
is nie 'n fout nie, Ek (God) het jou beplan.

Handelinge 17:28 Ek (God) het die regte tyd en plek bepaal waar
jy,....., gebore
moet word.

Mattheus 6:31-33 Ek (God) weet wat jy,
.....,
nodig het, en voorsien in al jou behoeftes

Psalm 139:17-18 My (God se) gedagtes oor jou,
....., is ontelbaar
soos die sand van die see.

Deuteronomium 4:29 As jy,
....., My
(God) met jou hele hart soek, sal jy My (God)
vind.

Psalm 34:18 As jy,.....,
hartseer is, is Ek (God) by jou.

Johannes 1:12-13 My (God se) vraag is - Wil jy,
....., My (God se) kind
wees?

Romeine 8:38-39 En niks sal jou,, ooit skei
van My (God se) liefde vir jou,
....., nie.

Hier is vir julle die pragtige prentjie van Jesus wat by die deur van ons harte staan en klop – lees weer Openbaring 3:20 wat ons in die vorige Penniefluitjie opgesoek het – en kleur dit dan in!

